*Dinsdag* **6 Mei**

**Skrifgedeelte: Efesiers 5:6-20**
**Fokusgedeelte: Efesiers 5:17 (AFR83)**

**Ken God se wil**

Hoe gevaarlik leef jy? Ja, ons sonde is altyd ’n klap in die Here se gesig. Ons kan so onverstandig optree, so vol net van onsself. Dit maak jou lewe dood en uitsigloos, want in elke sonde is ons net besig met ons eie wil. Dit plaas jou lewe op ’n doodlooppad. Daarom moet jy in alles die sonde haat en ontvlug.

Om te stry teen die sonde, is egter nie al wat die nuwe lewe vir ’n Christen inhou nie. Jy moet ook probeer om te wete te kom wat die Here wil dat jy moet doen. Jy moet jou lewenswandel toets aan die norm van wat God van jou verwag en dit dan uitleef. Jou geloof moet deur jou werke uitstaan. As ons deur die Gees van God vervul is, ken ons die wil van die Here en leef daarvolgens. Jy word nie deur die Gees vervul as jy jou oorgee aan die sondige dinge nie, maar jy word deur die Gees vervul deur gebed, die lees van die Bybel, erediensbywoning en uitlewing van naasteliefde. Dan is die Gees werksaam in jou. Dan het die verstandige gelowige insig oor hoe God wil sien dat jy moet lewe. Dit is ’n nuwe lewe vol blydskap in diens van God. Omdat ons in ’n goddelose tyd leef, moet ons elke geleentheid gebruik om met die Here besig te wees.

Die nuwe lewe in ons word ’n lewe van lof, aanbidding, dankbaarheid en diens, ’n lewe om God alleen groot te maak. Hou vas aan dit wat 1 Johannes 2:17 aan ons voorhou: *“En die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly vir ewig lewe.”*

*Sing: Psalm 86-1:6*

*Ds. RG (Roelie) Aucamp (Emeritus)*